

**31 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 37:1-20**

**Vertrou op die Here, Hy sal sorg**

Wanneer 'n mens dag vir dag die onreg in hierdie wêreld sien, raak 'n mens bedruk, kwaad en ontsteld. Hierdie gevoelens raak nog sterker wanneer dit lyk asof die onregwerkers net voorspoed en geluk ken. Aan die ander kant trek God se kinders aan die kortste end.

Moenie dat die voorspoed en geluk van die goddeloses jou gedagtes oorheers nie. Jy sal net meer bedruk, kwaad en ontsteld word, en dit gaan vir jou ellende meebring. Vertrou liewer in stilte op die Here. Gaan rustig voort met jou werk in diens van God. Soek en vind vreugde in die Here en laat dit jou gedagtes oorheers.

Die goddeloses mag oënskynlik die oorhand hê en doen wat hulle wil. Hulle mag nou daarmee wegkom om die reg van die gelowiges te vertrap, of om die regverdiges van sy grond te verdryf en selfs sy lewe in gevaar stel. Weet verseker, die Here lag vir hulle, want Hy sien hulle dag kom. Hulle lewe van voorspoed is maar van korte duur.

Ter wille van Homself en ter wille van Jesus Christus, die geliefde Seun van God, sal ons Here 'n einde bring aan alle onreg en onregwerkers. Hy sal nie toelaat dat die onreg van die goddelose ons, sy eiendom, tot in ewigheid tref nie. Om hierdie rede het Hy sy Heilige Gees aan ons gegee. Die Heilige Gees hef ons oog op, sodat ons die heerlikheid wat daar vir ons as erfdeel wag kan raaksien.

Mag Hy ook ons gedagtes vul met hierdie vaste wete, sodat ons ongestoord kan voortgaan met ons werk. Mag Hy in ons die stille vertrouwe bewerk waarmee ons die woede van die goddelose kan teenstaan.

*Sing: Psalm 37:1, 2, 4, 5*

*Ds CCA Vrey (Rustenburg-Noordoos)*